

Voorwoord

Met groot genoë voldoen ek aan die versoek van dr. J. A. Heese om 'n *Voorwoord* te skryf.

Die herondersoek van die mites in ons volksverlede is dringend noodsaaklik. Eers dan kan groter helderheid oor wat werklik gebeur het, verkry word. Mites is histories ook belangrik, maar dan moet hulle as mites erken word. Ware geskiedenis kan nie geskryf word as illusies as werklikhede aangesien word nie.

Die reeks gebeure wat as die Slagtersnek-opstand bekend staan, is – soos dr. J. A. Heese in hierdie werk oortuigend aantoon – meer as anderhalfeeu lank verkeerd vertolk. Daar is helde gesien waar geen helde was nie. Daar was „draers van die Afrikaanse volksbewussyn” onder die grensboere wat die Britse owerheid ondersteun het. Op grond van nougesette genealogiese ondersoek toon dr. Heese aan hoedat dit juis van die bekampers van die opstandelinge was, asook van die neutrals, wat later die Afrikaner nasionale bewussyn tydens die Groot Trek bevorder het.

Dat hierdie hervertolkingstudie so geslaagd is, is te danke aan die moeitevolle identifisering van talle oosgrensfigure en die verbandlegging tussen die grensfamilies, die meeste waarvan verwant aan mekaar was. Uit hoofde van hierdie verwantskap kan baie van hul dade verklaar word. Flitse van frisse insig word herhaaldelik op die lewe in die Kaapse oosgrensdistrikte in die heel vroeë 19de eeu gewerp. Juis uit dié streke sou later die oorgrote meerderheid van die Voortrekkers wegtrek. Vir die eerste keer word die groot lyne doeltreffend deurgetrek van die Grensboeropstandelinge teen die einde van die 18de eeu, deur Slagtersnek en sy mense, na die Voortrekkers. Dr. Heese kan met gesag veralgemeen omdat hy sy navorsing in die beskikbare bronne in die Staats- en Kerkargiewe so deeglik verrig het. Hy verlaat hom nie net op ds. H. C. V. Leibbrandt se bronnepublikasie nie, maar is in staat om dit krities, aan die hand van die oorspronklike bronne, te herwaardeer. Uit sy pen maak die leser kennis met talle kleurrike figure van uit die tweede dekade van die 19de eeu. Hy laat herlewe die bywoners, die ryk patriarge, die sukkelende swerwers, die dwarstreckers, die rondgaande skoolmeesters en die nie-blanke bediendes. Grensbeamptes soos die temperamentele jong Andries Stockenström word in aksie gesien. Louis Tregardt verskyn en sy lewe word deur die Slagtersnek-opstand beïn-

vloed. Trekgenote en familie van Lang Hans van Rensburg word voorgestel. Piet Retief self beweeg vlugtig verby die samesweerders. 'n Hongaar tree onder die Slagtersnek-rebelle na vore en daar word gepoog om die beul te ontmasker.

Dit verg moed om enige omvattende, oorspronklike historiese navorsing aan te pak en deur te voer. Om die tragiese geskiedenis van die mense van Slagtersnek aan te durf, verg 'n leeuemoed. Alleen deur 'n moeitevolle herondersoek van die talle probleme waarby vorige skrywers misgetas het, of nie raad mee geweet het nie, kan dit doeltreffend gedoen word. Dr. Heese het ons kennis van die oorsprong, die verloop van die Slagtersnek-gebeure, asook sy gevolge, aansienlik verryk. Die laaste woord is vanselfsprekend nie gesprek nie. Soos met alle historiese probleme, bly daar vraagtekens hang; maar die ou beeld van Slagtersnek is iets van die verlede. Met hierdie boek is 'n belangrike bydrae tot ons geskiedskrywing gemaak. Dit verdien 'n wye en belangstellende leserskring en 'n lang lewe.

C. F. J. MULLER

DEPARTEMENT GESKIEDENIS
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA,
PRETORIA.
18 JUNIE 1973.

Inleiding

Wat? Al weer 'n boek oor Slagtersnek?

Ek hoor al hoe gesê word: „Het ons nie genoeg van die storie gehoor nie? Waarom nou weer ou koeie uit die sloot grawe? Moet ons die Boere-oorlog weer oorveg? Loop die spook van ‚Boerehaat‘ dan nog onder ons rond?”

Hierdie kwelvrae was gedurig by my toe ek 'n jarelange studie van hierdie gebeurtenis onderneem het. Dit wil amper lyk asof historici vandag reken dat Slagtersnek geen plek in 'n geskiedenisboek regverdig nie. In prof. F. A. van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot Verwoerd* word Slagtersnek amper nie genoem nie. Dieselfde geld vir dr. D. W. Kruger se *The Making of a Nation*, asook vir *Die Republiek van Suid-Afrika* wat onder die redaksie van G. D. Scholtz en Van Jaarsveld uitgegee is. Hierdie houding staan in skrilte kontras met die houding van geskiedskrywers, so 'n vyftig jaar gelede toe ek nog op skool was. In *Darter's Geschiedenis van de Unie voor Zuid-Afrika* het mnr. W. Fouche twee hoofstukke aan die Slagtersnek-opstand gewy. My tydgenote sal nog onthou hoe ons destyds begeester was deur Langenhoven se *Die Pad van Suid-Afrika*. Een van my onvergeetlikste oomblikke was toe ek as skoolseun geluister het hoe 'n Tommie Beckley, 'n voordragkunstenaar van my skooldae, daaruit voorgedra het. Freek Bezuidenhout was die held van my adolessente skooljare.

„Hier veg een man alleen, vir Suid-Afrika.” My lesers kan dus die wrede ontnugtering verstaan toe ek deur die jare heen 'n ander Freek Bezuidenhout leer ken het – geen held nie, maar 'n hartstogtelike, eiesinnige man wat deur sy onbeheerste drange baie ander mense diep ongelukkig gemaak het.

Enersyds is daar dus die neiging om die betekenis van Slagtersnek te ignoreer; andersyds is die betekenis van die gebeurtenis in die verlede baie oordryf.

Slagtersnek, met sy grusame assosiasies, was in ons volksgeskiedenis 'n magtige propagandamiddel. Ds. S. J. du Toit het in 1877 in sy *Di geschiedenis van ons land in di taal van ons land* die verhaal vertel met die spesifieke doel om aan te toon „hoe wreedaardig die Engelse met ons arme Boere gewerk het.” Die skrywers van „Eene Eeuw van Onrecht” het die propagandistiese waarde van Slagtersnek ten volle gebruik. In die laaste hoofstuk van hierdie boek

sal ek wys op die politieke betekenis van Slagtersnek in ons volksgeskiedenis. Die propagandawaarde van Slagtersnek het bepaald 'n groot rol gespeel.

Van die Engelse kant is natuurlik weer bewyse aangevoer dat die optrede van die regering destyds geregverdig was. In sy *Romance of South Africa* het Ian Colvin probeer bewys dat Slagtersnek „was the result of the savagery of a pack of border ruffians.” F. X. Merri-man het weer in die Rebelliedae van 1914–1915 deur 'n pamflet: *The Truth about Slagter's Nek*, die propagandawaarde van Slagtersnek probeer neutraliseer.

Dit was dus baie goed dat Cory in 1921 'n baie ewewigtige relaas van die Slagtersnek-gebeure die lig laat sien het. Hy was die eerste geskiedskrywer wat 'n deeglike studie gemaak het van Leibbrandt se *De Rebelle van 1815*. Vantevore het ander historici en skrywers ook van hierdie studiebron gebruik gemaak, maar so gebruik dat dit net in hulle kraam pas.

Cory se werk het die lug rondom Slagtersnek gesuiwer. Daarna het die meeste verantwoordelike skrywers Cory se weergawe as gesaghebbend beskou. Dus nou ja, waarom dan nog 'n boek oor Slagtersnek? My rede lê opgesluit in 'n hele paar ander motiewe.

Vanweë my navorsing in die staatsargiewe van Kaapstad en Pretoria het ek heelwat nuwe stof ontdek wat heelwat nuwe lig werp op die gebeure. Om Slagtersnek is daar in die loop van jare baie legendes opgebou. Cory het 'n hele paar van die oorvertellings ont-senu; tog het ek gevind dat baie van hulle nog voortgeleef het. Ek het my bes gedoen om die waarheid daarvan aan dokumentêre stukke te toets. Skrywers, selfs geskiedskrywers, is geneig om omstandighede van vandag na die verlede te projekteer. So is die rebelle van 1815 tot helde geïdealiseer in dr. J. Albert Coetzee se boek *Ruiters van Slagtersnek*. Vir J. H. Malan was daar ook 'n groot ooreenkoms tussen die rebelle van 1815 en die van 1914–1915. Vir my voel dit amper na heiligskennis om die Bezuidenhouts in dieselfde asem as bv. Christiaan de Wet te noem. Ek het gevoel dis tyd dat die geskiedenis van Slagtersnek ontdoen word van al die propagandistiese leuens wat daaromheen gewef is.

Ek noem hierdie boek **SLAGTERSNEK EN SY MENSE** omdat ek vanweë my navorsing in die N.G. Kerkargief in Kaapstad, hierdie mense as synde van vlees en bloed leer ken het. In die doop-, trou- en notuleboeke van die gemeentes waaraan hulle behoort het,

het ek baie omtrent hulle te wete gekom, wat 'n mens nie maklik elders teëkom nie. Dis maar die laaste klompie jare dat geskiedskrywers begin besef van watter waarde genealogiese data vir hulle kan wees. Hoe belangrik dit kan wees blyk uit die volgende. In De Villiers se bekende *Geslacht-Registers* word die hoofpersone in die Slagtersnek-drama, die twee Bezuidenhouts, aangegee as die seuns van sekere Wynand Bezuidenhout. Volgens die *Geslacht-Register* sou Cornelis Frederik Bezuidenhout in 1773 en Johannes Jurgen Bezuidenhout in 1779 gedoop gewees het. Soos bekend het die geskiedskrywer, Theal, die familieregisters wat De Villiers opgestel het, persklaar gemaak, en kan dus verantwoordelik gehou word vir die groot flater wat ten opsigte van hierdie twee persone gemaak is. Ten eerste is Cornelis Frederik Bezuidenhout nie in 1773 maar in 1793 gedoop en Johannes Jurgen Bezuidenhout in 1799 en nie in 1779 nie (sien doopboek van Kaapstad 9.6.1793 en van Graaff-Reinet 19.2.1799.) Die vraag ontstaan dadelik, waarom is die doopdatums van die twee persone doelbewustelik met twintig jaar vroeër? Dit lyk baie of dit 'n poging was om die Bezuidenhouts van Slagtersnek in 'n onmoontlike raamwerk in te pas. Dit het my feitlik jare van navorsing geveer om die ware identiteit van Cornelis Frederik (Freek) en Johannes Jurgen (Hans) Bezuidenhout vas te stel. Uiteindelik het ek aan die hand van Leibbrandt se boek en die oorspronklike registers in die kerkargief in Kaapstad vasgestel dat hulle twee nie seuns nie maar broers van Wynand Jacobus Bezuidenhout was. Theal en almal ná hom het dus altyd oor die verkeerde Bezuidenhouts geskryf. Op dieselfde wyse is die Prinsloo-geslagsregister so gemanipuleer dat twee van die tereggesteldes, Theunis de Klerk en Hendrik Frederik Prinsloo, konsuis swaers moes wees. Volgens De Villiers (oftewel Theal) sou De Klerk en H. F. Prinsloo met twee Prinsloo-susters getrou het, en sou dus swaers wees. Johanna Petronella Prinsloo sou dan eers met De Klerk getroud gewees het, en na haar man se teregstelling met Johannes Prinsloo hertrou het. By die Johannes staan dan ook vervolgens dat hy met die weduwee van Theunis de Klerk getroud is, maar nou kom die snaakste van die deurmekaarspul – die kinders van Johannes Prinsloo en die weduwee van Theunis de Klerk is reeds vanaf 1807 gedoop d.w.s. lank voordat sy weduwee geword het. Dis natuurlik onsin. In werklikheid was daar twee Prinsloo-dogters met die naam van Johanna Petronella, en hulle was niggies van mekaar. Een van hulle was met

Johannes Prinsloo getroud en een met Theunis de Klerk. Theunis de Klerk se weduwee het ná sy teregstelling met Zacharias de Beer hertrou. Daarom gee ek as byvoegsel tot die boek gekorrigeerde geslagsregisters van die vernaamste mense van Slagtersnek.

En as jy eers die mense so intiem leer ken het, wil jy graag weet wat van hulle nakomelinge geword het. Ek het in „Rapport” ’n oproep laat plaas dat ek graag met mense in verbinding wil kom wat meen dat hulle afstammeling van Slagtersnek se mense sou wees. Die reaksie was baie goed, en in baie gevalle kon ek vasstel dat die korrespondente werklik nasate was. Dit was ’n belewenis om in Angola twee nakomelinge van die tereggestelde Theunis de Klerk in lewende lywe raak te loop. Die een was met ’n Portugees Da Silva getroud, en die ander een is met Pierik, ’n Pool, getroud.

Daar is nog ’n rede waarom ek die boek geskryf het. Myns insiens is daar deur skrywers en historici groot onreg gedoen teenoor die burgers wat die regering bygestaan het. Hulle is dikwels neergehaal as renegate en verraaiers. In die boek toon ek aan dat hulle die handhawers van reg en orde was, wie se optrede die oosgrens van ’n Kosa-inval gered het. Vooraanstaande families soos die De Klerks (behalwe Theunis) die Van Aardts, die Besters, die Tregardts, die Potgieters, het by die regering gestaan, of het soos Pieter Retief en A. C. Greyling neutraal gestaan. Onder hierdie families kry ons die latere deelnemers aan die Groot Trek, terwyl die betrokke Bezuidenhouts en Faber se afstammeling nie getrek het nie. Ek wil die bewering maak dat die regeringsmense van 1815, eerder as die rebelle van 1815, die draers van ’n Afrikaanse volksbewussyn was.

Skrywers soos J. H. Malan en C. J. Langenhoven het skimpend verwys na die rol van die eerbare en hooggeagte ds. T. J. Herold. Ds. S. J. du Toit se verwysing na die „wrede Cuyler” was baie onverdiend. Met reg het historici vertel van Hans Bezuidenhout en sy vrou en seun se heldhaftige optrede by Madoerskloof; maar waarom is Willem Nel en H. O. Lange se soortgelyke optrede om bloedvergieting te voorkom, dan nie op soortgelyke wyse geroem nie? Ook vir die meeste amptenare wat in die diens van die Engelse regering was, is daar ’n goeie woord te sê – en dit geskied in hierdie boek.

Die Slagtersnek-opstand was geen uiting van die Afrikaner se onafhanklikheidstrewa nie – dit was veel eerder ’n wanklank in die ontplooiing van die Afrikaanse nasieskap. Wilde mense soos die betrokke Bezuidenhouts, Faber en sommige van die Prinsloo’s was ver-

brekers van die tradisionele waardes van die Afrikaner, soos sy sin vir rassesuierheid en sy eerbiediging van kerklike sakramente. Dit was die bandeloosheid van Freek Bezuidenhout, die wraaklus van Hans Bezuidenhout en die persoonlike wrok van S. C. Bothma en H. F. Prinsloo wat die opstand veroorsaak het. Die konserwatiewe en ordeliewende Afrikaner van 1815 wou niks te doen hê met mense wat met die vyandelike swartes geheul het nie.

Baie skrywers wat nog nooit die terrein waar alles gebeur het, verken het nie, meen dat die teregstelling van die vyf veroordeeldes op Slagtersnek plaasgevind het. Die nek wat vandag nog Slagtersnek genoem word, lê inderdaad omtrent twaalf myl noord van die plek waar die teregstelling plaasgevind het. Die teregstelling het plaasgevind op die plek waar die monument vandag staan, omtrent 'n 1 000 tree vanaf die spoorwegstasie, Long Hope, wat tydens die opstand bekend was as Vanaardtspos, omdat die militêre pos op die plaas van die Van Aardts aangelê was. Derhalwe gebruik ek die term Vanaardtspos as ek na die plek van teregstelling verwys. Die meeste rebelle het by Slagtersnek oorgegee, maar die leiers, soos die Bothmas, Faber en Hans Bezuidenhout, is eers later gevang. Eintlik was die gebeure by Slagtersnek nie die toneel van die hoofdrama nie. Maar deur die jare was Slagtersnek so nou geassosieer met die hele opstand, dat ek ook Slagtersnek-opstand as term vir die opstand gebruik.

'n Mens wonder dikwels of die naam Slagtersnek nie baie te doen het met die emosionele assosiasie wat nog steeds daarmee verbind is nie. Baie mense meen vandag nog dat Slagtersnek met 'n slagting te doen gehad het. Ironies genoeg was die oorsprong van die naam heeltemal onskuldig. Lank voordat Hans Bezuidenhout met sy rebelle oor die nek gery het, was die nek al bekend as Slagtersnek. Dit was nl. die plek waar die slagtersknegte uit die Kaap die vee van die Tarka-burgers kom koop het. Sê nou maar die naam was Kwaggasnek, sou die emosionele assosiasies nie baie minder gewees het nie?

In my strewe om van die Slagtersnek-gebeure 'n objektiewe relaas te gee, het ek alles wat oor Slagtersnek gesê en geskryf is, probeer opspoor. In hoofstuk twee word die uiteenlopende weergawes van die gebeure in oënskou geneem. Ten slotte wil ek graag beklemtoon dat hierdie boek nie 'n roman is nie, ook nie 'n historiese roman nie. Dis 'n *geskiedenis* van die mense wat gemoed was met die gebeure

van 1815–1816 op die oosgrens. Hoewel ek oortollige verwysingsnommers vermy het, was dit tog nodig om te verwys na oorspronklike dokumente. Aan die einde van die boek vind u dus my bronneverwysings. Leibbrandt was vanselfsprekend my hoofbron van inligting, maar dis aangevul met ander argiefverwysings.